MEDIA RELEASE
BY CHRISTIAN DEMOCRATIC ALLIANCE (CDA)

3 AUGUST 2010 (3)

Boere betaal met lewens vir aanslag teen landbou - CDP
So lank as wat persepsies eerder as feite die emosionele basis van sieninge oor die landbou vorm, so lank gaan landbou in die spervuur bly – ook letterlik in die vorm van plaasmoorde. So sê ds. Theunis Botha, leier van die Christen-Demokratiese Party (CDP), in reaksie op die jongste plaasmoord toe mnr. Koos Daffue op sy plaas by Lephalale skynbaar uit 'n hinderlaag probeer jaag, en toe agtervolg en geskiet is.

"Die wydlopende persepsieprobleme blyk onder meer uit Agri-SA se uitspapery op die nasionale plaaswerkersberaad. Terwyl die georganiseerde landbou hom deurlopend moet verweer teen beskuldigings wat na ondersoek op ondersoek blyk mites te wees, moet die landbou hom ook staal teen 'n aanslag op sy grootste produksie-waarde – sy grond. Kort na minister Tina-Joemat-Pettersson se onbekookte gedagte van 'n 40 % aandeelhouding vir plaaswerkers, volg die DA-leier, Helen Zille skynbaar in 'n poging om die ANC by swart kiesers te oorbie, met 'n voorstel vir 50 % aandeelhouding."

"Solank die regering en sy meelopers nie die uitslae van formele ondersoeke ter harte neem nie, so lank gaan landbou homself teen verdraaide persepsies moet verweer...en die prys is hoog ...hul lewens en hul middele tot voortbestaan. Dit word onderstreep deur die brutale moord op mnr. Koos Daffue van Lephalale."

Farmers pay with their lives for onslaught on agriculture - CDP
As long as perceptions, rather than facts, form the emotional base on which agriculture in South Africa is perceived, agriculture will find itself in the cross fire – and no more so than in the form of farm murders. So says Rev. Theunis Botha, leader of the Christian Democratic Party (CDP), reacting to the latest farm murder, where Mr. Koos Daffue from Lephalele apparently tried to flee from an ambush, and was chased and shot dead.

"The problem with perceptions is clearly reflected by Agri SA's walk out of the farm workers' summit in Somerset-west. Whilst organised agriculture has to defend itself against complaints which have, after many investigations, proven to be myths, agriculture also has to protect itself from an onslaught on its most valuable production asset, the farmers' land. Shortly after Minister Tina Joemat-Pettersson's suggestion of a 40 % shareholding for farm workers, DA leader Helen Zille, apparently in an attempt to outbid the ANC for Black votes, suggested an even more ridiculous 50 % shareholding."

"As long as Government and their cronies ignore the outcome of formal investigations, agriculture will continue to need to defend itself against false perceptions. The price is high…the lives of farmers, their family members, farm workers, as well as the erosion of their means of existence, their land. A point in fact is the recent brutal murder of Koos Daffue on his farm in Lephalale in Limpopo."

Boer gejaag, op sy plaas geskiet *2010-08-03 11:11*

Johannesburg – 'n Boer is Dinsdag op sy plaas in Lephalale in Limpopo vermoor, het polisie gesê. Koos Daffeu (46) was glo op pad na sy plaas toe, toe hy by 'n laagwaterbrug op 'n grondpad aangeval is. Volgens lt. kol. Ronel Otto is menigte skote deur onbekende aanvallers op sy voertuig gevuur.Daffeu het glo toe weggejaag en sy voertuig het by 'n T-aansluiting sowat 600m verder omgeslaan.Polisie vermoed dat Daffeu nóg vyf keer geskiet is ná die ongeluk. Hy is op die toneel dood.

"Ons het nog geen verdagtes nie maar bewyse toon dat daar meer as een aanvaller was. Ons vermoed hulle het in 'n voertuig gevlug," het Otto gesê.